DPS Pleegsorg
Glo, Stabiliseer, Ontwikkel

Die Kinderhuise van die NHKA
012 322 8885 X221 / 086 630 5135 (faks)
kinderhuise@nhk.co.za
Posbus 2368
Pretoria 0001

15 Augustus 2022

Aan: Gemeentes van die NHKA
Kerkraadsvergaderings
Gemeentelike komitees vir diakonaat

Broers en Susters

**INDELING VAN GEMEENTES BY DIAKONALE PLEEGSORGHUISE (DPS-huise)**

Sedert 2021 het daar verskeie ringe saamgesmelt, en daar het ook verskuiwings van gemeentes tussen ringe plaasgevind. ‘n Gevolg hiervan is dat die wyse waarop ringe vroeër jare by die onderskeie DPS-huise ingedeel is, nie meer ideaal is nie. Sommige ringe sou nou by twee huise betrokke moes wees, terwyl gemeentes wat al lank by ‘n bepaalde DPS-huis betrokke is, nou skielik by ‘n ander huis betrokke sou moes raak.

Hierdie veranderings het veroorsaak dat die Direksie van die Kinderhuise die indeling van die ringe by die onderskeie DPS-huise in heroorweging moes neem. Tydens ‘n direksievergadering op 27 Julie 2022 is daar besluit dat die beste oplossing sal wees om die keuse in geheel aan gemeentes oor te laat, van by watter DPS-huis hulle graag betrokke wil wees.

Op 3 Augustus 1922, ‘n volle eeu gelede, het die Algemene Kerkvergadering besluit om met kinderversorging deur middel van ‘n weeshuis te begin. In 1923 is die eerste 5 kinders in Krugersdorp, *De Hervormde Weeshuis*, opgeneem. Tans versorg die Kerk steeds 36 kinders in 6 DPS-huise.

Vir die Kerk om hierdie werk te kan voortsit, verby die 100 jaar merk, versoek ons gemeentes en veral die gemeentelike komitees vir diakonaat, om betrokke te bly of betrokke te raak by een van die DPS-huise. Meegaande dan ook ‘n lys van die onderskeie DPS-huise met die skakel na die WhatsApp-groep van elke huis. Die besonderhede van die voorsitter van elke huis se toesigkomitee, word ook vir u kennisname, ingesluit by die lys.

Ons sal dit baie waardeer as u teen 1 November vir ons ‘n aanduiding kan gee van u besluit oor die betrokkenheid by ‘n huis, en spesifiek watter huis u graag wil ondersteun.

Ontvang hiermee ook die direksie se opregte dank vir die gemeentes en lidmate wat reeds vir verskeie jare meewerk om aan die kinders in die DPS-huise hoop te gee en ‘n toekoms te bewerk.

Saam in diens

**Ds Gerhard Stoltz**
**Waarnemende bestuurder**
**Kinderhuise van die NHKA**

**Direkteure**: Ds WJJ Kok (voorsitter)/ Ds JT Manders (vise-voorsitter)/ Ds JPJ Fourie/ Ds GPJ Stoltz/ Ds AJ Hattingh/ Ds D Bester
**Reg no**: 1924/007756/08
**NPO no**: 038-005

**Diakonale Pleegsorg Huise**

**Huis: Elsburg**
- Plaaslike Gemeente: **Elsburg**
- Toesigkomitee Voorsitter: **Bennie Botha**
- E-posadres: 007bennie@gmail.com
- WhatsApp skakel: https://chat.whatsapp.com/H9bzigtTbEw8clqj1J5XEd

**Huis: Krugersdorp**
- Plaaslike Gemeente: **Krugersdorp Noord**
- Toesigkomitee Voorsitter: **Ds Attie Hattingh**
- E-posadres: ajh@nhk.co.za
- WhatsApp Skakel: : https://chat.whatsapp.com/I7usDwjskLc4jpECNznTA8

**Huis: Montana**
- Plaaslike Gemeente: **Montana**
- Toesigkomitee Voorsitter: **Dr Thinus van Staden**
- E-posadres: wysmydieson@gmail.com
- WhatsApp Skakel: : https://chat.whatsapp.com/GnhDz3PiIuwBEqBZ24cVWj

**Huis: Ninapark**
- Plaaslike Gemeente: **Witfontein**
- Toesigkomitee Voorsitter: **Ds Jimmy Manders**
- E-posadres: jtmanders@icon.co.za
- WhatsApp Skakel: https://chat.whatsapp.com/FP5XSN3WBdqKCyZdwsyruT

**Huis: Potchefstroom**
- Plaaslike Gemeente: **Potchefstroom**
- Toesigkomitee Voorsitter: **Ds Willem Kok**
- E-posadres: wilmak@absamail.co.za
- WhatsApp: https://chat.whatsapp.com/L4CHRim0m8IG0C6kFIPLD6

**Huis: Rustenburg/Prinsloo**
- Plaaslike Gemeente: **Rustenburg Tuine**
- Toesigkomitee Voorsitter: **Ds Johnny Young**
- E-posadres: johnny@tuine.co.za
- WhatsApp Skakel: : https://chat.whatsapp.com/BfqScB2DsQ99aWmuxI2pKt